2026
23 - 29
NOV

Eldo-Nuusbrief

Hiér maak JY saak

ELDORAIGNE
FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

Gedagte vir die week

'n Klein daad van liefde kan vir iemand 'n groot verskil maak: 'n oproep; 'n oop deur of 'n gewillige oor. Omdat God ons eerste liefgehad het, kan ons Sy liefde in gewone oomblikke sigbaar maak. Kyk hierdie week wie die Here oor jou pad bring en waar jy met liefde kan reageer. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.

(Joh 4:19).



Gebedsgedagte vir die week.
Ons pleit vir die nood in ons land!



Vader God, die van ons wat hierdie kan lees, is bevoorreg. Die nood in ons land is groot, op elke denkbare vlak. Here, wys ons waar ons kan help, waar ons ons hande uit ons moue kan laat sak, wys ons waar ons U liefde kan toon deur te doen. Maak ons dankbaar vir elke stukkie verskil wat ons kan maak.

Galasiërs 6: 2, 7 en 9.

Wat gebeur alles die maand?

Eredienste:

Sondag 22 November
09:00 Erediens
18:00 Kersfees Diens@6 Oppi dek

Sondag 29 November
09:00 Erediens
18:00 Diens@6 Afsluiting

Sondag 6 Desember
09:00 Erediens

Sondag 13 Desember
09:00 Erediens

Sondag 20 Desember
09:00 Erediens





Kyk die eredienste 'live' op YouTube!

Soek jy 'n opsomming van laasweek se preek?

Kliek hier!

vir die Gespreksgids!



Kry die kerkkalender op die kerk se webtuiste

Eldo-Chomps



Aan al die Mini- en Eldo-Chompies wat deel was van ons familie hierdie jaar, baie dankie dat julle so gereeld gekom het. Dankie dat julle so betrokke was en ware kinders van Jesus is. Julle moet almal 'n baie lekker vakansie, geseënde Kersfees en 'n wonderlike nuwe jaar hê.
Ons sien julle in 2027!

Gaan besoek ons Facebook-blad vir meer inligting!

Diens@6

Diens@6 - 4de kwartaal

22 November - Kersfees-aand Sangdiens
29 November - Diens@6 Afsluiting vir 2026

Gaan besoek ons Instagram-blad vir meer inligting!

Terugvoer

Miernesmark - Omset & Wins

	2026	2025	Δ
Omset	821 894	778 067	6%
Wins per area			
Mark	130 794	90 819	
Lamsloting	11 548	12 420	
Teetuin	30 261	25 512	
Kostuin	62 468	48 400	
Totale wins	235 071	177 151	33%
Toename in wins	57 920		

Elke paar hande, elke taak, elke ekstra myl en elke gebed het gehelp om van die Miernesmark 'n sukses te maak.
Dankie vir julle bydraes met: Beplanning & organisering – elke detail, groot en klein. Bemarking & kommunikasie – WhatsApps, plakkate, oproepe en die deel van ons mark se opwinding.
Voorbereiding & uitleg – saalopstelling, tafels, stoele, sneeuvlokkies, versiering en logistiek. Praktiese ondersteuning – aankope, pakkers, skoonmaak, sekuriteit, waaiers, sambrele, yskaste en toerusting.
Kos & gasvryheid – Kostuin, Teetuin, koeke en poedings, braaiwerk en gratis springmielies. Spanwerk & omgee – positiewe gesindhede, glimlagte, musiek en ondersteuning. Kinderpret & aktiwiteite – die organisering en aanbied van kinderpret en die vissie-vang aktiwiteit.
Borgskappe & skenkings – elke ruimhartige bydrae wat die mark moontlik gemaak het.
Administrasie & finansies – kantoorwerk, etikette, drukwerk, rekenaarstelsels, kasregisters, Yoco's en uitbetalings. En bowenal: gebed – om hierdie hele onderneming aan God op te dra. Of jy nou ure lank gewerk, iets gebak, iets geskenk, iets gedra, iets gereël, iemand gehelp of bloot 'n positiewe gesindheid gebring het – jou bydrae het saak gemaak! Daar is soveel meer wat ons nie eens hier kan noem nie. Geen bydrae was te klein nie en geen ekstra myl het ongesiens verbygegaan nie. Aan God al die eer!

Terugvoer

Eldo-Gholfers





Baie dankie aan elkeen wat die 16de November saam gespeel het 🏌️‍♂️.
Die groep groei, ons spel verbeter 🤔, en dit is lekker om mede gemeentelede en vriende beter te leer ken 👍.
Ons sal vroeg volgende jaar DV weer begin om die 2027 gholf reëlings te tref en sal julle op hoogte hou 🏌️‍♂️⛳🏌️‍♂️.

Gemeenteraad en Admin Personeel Afsluiting

















Kerssangdiens
15 November 2026



















Kersfees Potluck 15 November
Dankie vir almal wat heerlik saam met ons kom kuier het!









Wil jy meer inskakel?

Raak Betrokke!

by ons Familie!



BYBELSTUDIE
Die Bybelstudie sluit op 24 November af met ‘n geselligheid op die dek.
Ons begin weer met Bybelstudie op 26 Januarie 2027.
Almal is welkom.

HOBBY KLUB

Het jy ‘n interessante “hobby”?
Dit sal wonderlik wees as jy vir ons daarvan kom vertel en vir ons kom wys.
Ons begin weer op 28 Januarie 2027.
Mag julle ‘n heerlike vakansie geniet.
Kontak vir
Ethel
082 444 0302







Eldoraigne Familiekerk is nou op Instagram!
Gaan volg ons deur HIER te kliek.

ADORAMUSDIENS/ EUCHARISTIE
Afsluiting op 24 November.



MANNE- EN VROUEBEDIENING

Dit was onder ons aandag gebring dat daar behoefte is aan ‘n manne- en vrouebediening. Ons wil graag insette rakende dit hoor, vul dus asb die onderstaande Google vorm in.
Kliek **HIER**

Kantoor Kaskenades



Juffrou: "Jannie, noem een dier wat in Afrika bly."
Jannie: "Een leeu, Juffrou."
Juffrou: "Goed so. En watter ander diere bly nog saam met hom?"
Jannie: "Sy familie, Juffrou”.



Die Gemeentekantoor sal vanaf Desember oop wees op Maandae, Woensdae en Vrydae.
Die kantoor sluit op 14 Desember vir die Kersvakansie. Die kantoor herop weer op 11 Januarie 2027.
In geval van nood, kontak asb ds Christiaan by 066 296 1650 of ds Fanie by 074 933 2000.
Die personeel wil die gemeente bedank vir al julle ondersteuning deur die jaar. Sonder julle insette en hulp sal die kantoor nie so glad kan funksioneer nie.
Mag almal 'n heerlike vakansie en Kersgety beleef.







Dankbaar[10]

Dankbaar[10] is een van ons gemeente se groot fondsinsamelingsprojekte. Dit behels 'n ekstra bydrae tot kollekte (die oud 10de maand prinsiep).
Gebruik asseblief die verwysing *'Dankbaar10'* vir alle inbetalings.
Die projek sal loop tot aan die einde van die jaar.
Alle bydraes word waardeer!

Bybel 101!



Het jy geweet...

Links is 'n foto van die "Pilatus steen." Binne die rooi blok, staan daar in Latyns die gebroke naam van Pontius Pilatus. Hierdie is van die min (as nie enigste) argeologiese opgrawings wat na hom verwys.

Is jy deel van 'n Omgeegroep?

Sluit aan!

en word vandag nog deel!

"Save the date"

21 November Eldo-Voetspore	22 November Diens@6 Kerssangdiens	14 Desember Gemeentekantoor sluit
		

Lidmaatinligting



Indien julle nie die Nuusbrief of enige ander nuus op WhatsApp ontvang nie, kontak asseblief die gemeentekantoor sodat ons julle inligting kan opdateer.
Ons wil graag met al ons mede Eldoraigne Familielede gesels.
Skakel 068 031 8844 of stuur 'n e-pos na kerkkantoor@eldofam.co.za



Verjaarsdae vir die week

23 Nov
Marianne Viljoen
Nadia Gouws
Isabel Koch
Annatjie Pietersen

25 Nov
Christo Lindeque
Nicolene Schoeman
Annemarie Dempers

26 Nov
Johan du Preez

27 Nov
Carel van Heerden

28 Nov
Werner van der Walt
Lyla Andrews
Jacques van Vuuren





Baie geluk!

Nuwe Intrekkers

Welkom!



Weet jy van iemand wat nuut is, verwys hulle asseblief na ons gemeentekantoor sodat ons hulle inligting op ons databasis kan plaas vir gereelde kommunikasie.

Lief & Leed

Weet jy van enige lief of leed in die gemeente?



Lief: Chris Jordaan het ‘n boek gepubliseer. Dit gaan beter met klein Nathan Wrigglesworth.

Leed: Janneke van der Walt het ‘n heupvervanging ondergaan.

Het jy enige nood?

Laat weet ons vir ‘n gebedsversoek!



Vir almal se hulp en betrokkenheid sê ons

Dankie!

Hiér maak JY saak!

Terugvoer van die GR

BORG 'n BOOM PROJEK

Verskeie bome op die kerkterrein gaan hierdie jaar nie weer bot nie. ☹️
Die bome is aangeval deur die uiters destruktiewe PSHB besie (Polyphagous Shot Hole Borer) wat in simbiose met 'n fungus (Fusarium euwallacea), die boom se vog- en voedingskanale besmet, wat die boom laat sterf. Daar is tans géén bestrydingsmiddels teen hierdie plaag nie, en sodra 'n boom geïnfesteer word, sterf dit binne 'n baie kort tyd. Sodra al die dooie bome verwyder is - met groot dank aan Danie Rapp (wie aangebied het om dit kosteloos te doen!!) gaan 'n BORG 'n BOOM projek geloots word om die gapings wat in die tuin gaan ontstaan, met nuwe inheemse bome in te vul…
Hou hierdie spasie dop vir meer inligting oor hoe ons almal kan saamstaan & deelneem aan die herstel en omskepping van ons tuin in 'n pragtige, skaduryke lushof!!









www.eldofam.co.za

Gaan besoek ons webtuiste vir meer inligting oor alles wat by die kerk gebeur!

Kontak ons

Eldoraigne Familiekerk
Bankbesonderhede

Bank: ABSA
Tak: Mall@Reds
Tjekrek: 3260140042
Takkode: 632005
Verwysing: Jou van en bv. "Dankoffer" of "Kollekte"

SnapScan

Is jy bewus van ons WhatsApp Community groep? As jy of iemand wie jy ken nie op die Eldo-Community groep is nie, laat weet die Kerkkantoor asb! Dit is ons hoof kommunikasie middel.

ELDORAIGNE
FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

Gaan "Like" ons op Facebook!

Gemeentekantoor ure:
Maandag - Vrydag: 08:30 - 12:30

NOMMERS
Tel: 068 031 8844

AANLYN
bedien@eldofam.co.za
www.eldofam.co.za

ADRES
Henriweg 1045,
Eldoraigne, 0157

Of stuur ons 'n epos na:
kerkkantoor@eldofam.co.za

Wil jy graag meer kontak met die leraars hê?



Christiaan Ackermann
Epos: christiaan@eldofam.co.za
Sel: 066 296 1650



Fanie Fourie
Epos: fanie@eldofam.co.za
Sel: 074 933 2000

Kontak ons

vir huisbesoek, 'n telefoon oproep of net gesprek!

Aksies buite ons Gemeente



Ondersteun asseblief die aksies buite ons gemeente. Hier maak HULLE ook saak!



Ondersteun asseblief ons adverteerders

Ondersteun asseblief Eldoraigne Familiekerk se koffieborg.



